e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

4 Februarie 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 1

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Geestelike erotiek en aanbiddingspornografie?

Hierdie kras woorde is onlangs deur 'n NG predikant in 'n artikel in 'n bekende dagblad gebruik. Dit verwys na 'n tendens wat na vore kom in die liturgie, of nog nader in die liedere wat inslag vind in veral sommige lofprysingsdienste. Dit geskied ook met aanhalings uit oorsese bronne, veral van Amerika waar dit ook sterk beleef word.

Al klink die beskrywings kras en kru, word daar tog miskien op hierdie manier na 'n neiging verwys waarop ons wel bedag moet wees en waaroor ons maar gerus ook gewaarsku kan wees.

Dit is in ons tyd goed bekend dat ons te make het met 'n verbruikersmentaliteit. Dit wil sê dat mense soek na 'n soort godsdiensbelewing waarin hulle behoeftes die norm word. Miskien moet ons dadelik darem bysê dat dit nie beteken dat die werklike behoeftes van mense aan egte godsdiensbelewing maar net geïgnoreer moet word nie. Dit gaan egter wel daaroor dat hierdie neiging soms ver van die spoor kan afdwaal.

Die skrywer verwys na die soort liedere waarin die woorde *ek*, *my* en die Engelse *me* en *I* so oorheersend word. Om hom aan te haal: *Ons het verlief geraak – nie op die God van die liefde nie, maar op die lekker gevoel wat dit bring om oor die liefde van God te sing. Ons lofprysing en aanbidding is indirek op onsself gerig. Hierdie emosionele belewenis, wat ons graag as die teenwoordigheid van die Heilige Gees wil interpreteer, is niks anders as geestelike erotiek nie.*

Die verontrustende in hierdie neiging is dat dit eintlik gaan om selfgesentreerdheid, om die sterk belewenis van die oomblik wat vir mense 'n lekker gevoel gee. Dit gaan nie wesenlik om 'n bewuswording van God en die diep verwondering oor God se liefde nie. Dit bring ook nie by die aanhangers van hierdie soort musiek en sang die eis dat lewens moet verdiep en verander nie. Dit gaan uiteindelik nie om veel meer as die lekker gevoel van die oomblik nie.

Miskien sal daar mense wees wat voel hierdie oordeel is te sterk en te veralgemenend. Maar dalk moet ons tog waarskuwingsligte sien wat vir die godsdiensbelewing van ons tyd duidelik flits. Ons beleef onmiskenbaar 'n tyd van vervlakking en 'n gees van navolging van wat in die wêreld populêr is. Die *geestelike* liedjies wat die mark oorspoel, is wat inhoud en musiek betref uiters bedenklik. Sodra sangers dink daar is nood aan 'n inspuiting vir hulle loopbane, word daar 'n *gospel-CD* uitgegee. En daar is klaarblyklik 'n mark daarvoor.

Die kerk is op 'n besondere manier tog ook 'n alternatiewe gemeenskap met 'n eiesoortige boodskap en selfs vorm waarin dit aangebied word. Ons kan nie maar net die simbole en uitingsvorme van die populêre kultuur net so oorneem nie. In elk geval nie sonder dat dit groot skade gaan doen aan die siel en gees van ware aanbidding nie.

Prof Piet Geyser

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Dr Frikkie Labuschagne

Prop Marius Kramer

Beroep ontvang

- **Dr Frikkie Labuschagne** van Parys na Sasolburg
- **Prop Marius Kramer** (beroepbaar) na Rustenburg-Suid
- **Ds Jackie Dippenaar** (beroepafwagtend) na Oos-Moot

Beroep bedank

- **Ds Gerrie Senekal** van Lichtenburg na Tzaneen

Ds Jackie Dippenaar

Ds Gerrie Senekal

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Voorbidding word gevra vir die volgende predikante wat siek is of herstel na operasies:**
  - Ds Rudi Schoeman (operasie)
  - Ds At MacDonald (operasie)
  - Ds Johann de Bruin
  - Ds Johan Wagenaar

Ds Rudi Schoeman

Ds Johann de Bruin

- **Ds Jaques Pieterse se moeder** is die afgelope week oorlede. Die begrafnis is op Vrydag 5 Februarie om 11:00 in Port Shepstone. Ds Pieterse sal self die diens waarneem. Meelewing word betuig met ds Pieterse en sy familie.

Ds Johan Wagenaar

Ds PM Smith (sr)

- **Mnr Hannes Cronje**, bekende ouderling van **Malelane** en voormalige ouderlinglid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), is die afgelope week oorlede. Hy is op Donderdag 4 Februarie om 08:00 in Malelane begrawe.

- **Ds PM Smith (sr)**, voormalige skriba van die Kommissie van die AKV wat jare lank in Seniordal gewoon het, het onlangs besluit om by sy seun Dawie te gaan inwoon. Dawie is die skriba van Gemeente Rustenburg-Suid. Ds PM se **adres** is nou Leydsstraat 229A, Rustenburg 0299, sy posadres Posbus 21223, Proteapark 0305, en sy telefoonnommer 014 592 6170. Wysig asseblief sy besonderhede op bladsy 170 van die *Almanak.*



Ds At MacDonald

- **Ds At MacDonald** vier op **Sondag 7 Februarie** sy 50ste jaar in die bediening. Hy lei om 09:30 die erediens in **Gemeente Koster**, sy tuisgemeente. By die geleentheid sal dr Daan van Wyk (sr) gelukwense aan hom oordra. Ds MacDonald is op 31 Januarie 1960 in Bulawayo as predikant georden en het daarna die gemeentes Pietersburg, Dendron-kombinasie, Bethal, Rustenburg-Oos, Wonderfontein, Groot Marico, Ruskoppies, Zeerust en Tzaneen bearbei. Hy is nie baie gesond nie en ondergaan eersdaags 'n groot operasie.

Ds Jan en Leonie Kay

- **Gemeente Utrecht** spog met hul nuwe predikant. **Ds Jan Kay** is op **Sondag 17 Januarie** in die gemeente bevestig. Utrecht is nou in kombinasie met Gemeente Vryheid.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens:
  - Saterdag 6 Februarie: Di Andorette Greyling, Johan Holtzhausen en Sarel le Roux

- Maandag 8 Februarie: Ds Jakkals Janse van Rensburg
- Dinsdag 9 Februarie: Di Lydia Miller, Ferdie Nortjé en Freddie Nortjé
- Woensdag 10 Februarie: Prof Schalk Botha, di Dalene Lourens en Jaco Vogel
- Donderdag 11 Februarie: Ds Marius Jansen van Vuren
- Vrydag 12 Februarie: Ds Pieter Viljoen

- Die lidmate van **Amanzimtoti** stig op **Sondag 7 Februarie** af van Gemeente Durban-Suid om 'n selfstandige gemeente te vorm. Die Ringskommissie van Pietermaritzburg neem die leiding met die afstigtingsgebeure.



Dr Willem Smith

- **Gemeente Glencoe** ontvang, na 14 maande van vakant wees, hierdie naweek hul nuwe leraar en sy gesin, in die persoon van **dr Willem Smith**. Ds Charel van der Berg, wat die gemeente as konsulent bygestaan het, sal dr Smith bevestig, waarna dr Smith sy intreepreek sal lewer. Mev Ansie Fourie, skriba, skryf: *Ons kyk met groot dank op na ons Hemelse Vader wat ons in hierdie tyd gelei het en dit so bestem het dat ons weer ons eie leraar kan hê. Ons glo en vertrou ook dat Hy ons sal lei dat ons gemeente weer sal groei tot sy eertydse glorie. Alle eer aan Hom!*

- **Gemeente Pretoria-Tuine** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar, en die kandidaat moet tydens oggend- en aanddienste optree (aanddienste vind plaas gedurende skooltye tot einde September, uitgesluit Junie en Julie). Daar is ook 'n sanggroep. Vergoeding is volgens skaal. Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of **andre.botma@telkomsa.net**, of Clarence Marks by 012 379 6898 of **nhktuine@gmail.com**.

- Oudl Danie Steyn, voorsitter van **Gemeente Pinetown** se Ouderlingevergadering, laat weet dat hulle besig is om die **elektroniese media** te promoveer en al hoe meer te gebruik. Hulle het selfs op Facebook 'n groep vir Gemeente Pinetown geskep, en hulle versprei hul weeklikse blaadjie (3de Laan.com) per e-pos. Hul gebou is in Derde Laan, Ashley, Pinetown – dus is die naam heel gepas. Kontak oudl Steyn by **steynd@durban.gov.za** vir meer inligting.

- Die jaarlikse **Nederlandse erediens** in **Gemeente Kaapstad** vind plaas op **Sondag 7 Februarie** om 09:00 by die Tygerberg-preekpunt, ME Rothmanstraat, Parow-Noord. Die prediker is dr Gijsbert Bos uit Nederland. Navrae kan gerig word aan ds Kathleen Smith by 021 551 5264.

- Ds Kathleen Smith laat weet ook dat daar 'n **kamer in Huis Fischer** te huur is vir 'n **selfversorgende bejaarde**. Kontak Jaap Hattingh by 021 919 0694.

- Kan ons iets by gemeentes in die VSA leer? **Prof Malan Nel** sê hy antwoord hierdie vraag sedert 1986 toe die eerste studietoer met 49 predikante na die VSA begin het. Die toer van **15 November tot 17 Desember 2010** onder leiding van prof Nel is nommer 9, en hy is oortuig dat dit een van die rykste ervarings van 'n predikant se bediening kan wees. Besoeke word gebring aan 21 plaaslike gemeentes (prof Nel monitor die meeste van hulle se bediening reeds 25 jaar en langer) met insette van hul leiers, en 6 teologiese seminaria met insette en perspektiewe van 14 teologiese leiers in hul vakgebiede. Vir meer inligting, skryf aan **m.mcnel@mwebbiz.co.za**.

- **Lekkerkerker**, 'n kubertuiste vir jongmense, het op 1 Februarie amptelik afgeskop. Deur hierdie medium word die Woord van die Here verkondig, en word gelowige jongmense aan mekaar gebind. Daar is ruimte om te gesels, menings te lug, foto's te stuur en ondersteuning te vind. **Jongmense:** Gaan kyk by **www.lekkerkerker.blogspot.com** en word deel van ons. **Gemeentes:** Plaas hierdie beriggie asseblief in jul afkondigingsblaadjie en help ons om gelowige jongmense van oor die wêreld met mekaar in kontak te bring.

- Die **NHSV** vier op **22 en 23 Mei** hul **70ste** verjaardag. Hul beplanning vir hierdie feesjaar sluit die volgende in:

  - 'n Nuwe briefhoof met die getal 70 ingeweef in die logo
  - Kalender 2010, saamgestel deur die redaksie van *Die Christelike Vrou*
  - Sondag 14 Februarie 2010: Dankdienste en deurkollektes
  - Saterdag 15 Mei 2010: Feeskonsert met Hervormde kunstenaars
  - Sondag 23 Mei 2010: Feesboodskap aan gemeentes
    Nuwe glansbrosjures word uitgedeel
    NHSV tee aan gemeentes
  - 17 streekbyeenkomste in 2010 ter viering van die 70ste bestaansjaar
  - NHSV fotobeeld en boodskap in die Mei 2010-uitgawe van *Konteks*

- Gebruikers van die ***Almanak*** moet enige **wysigings** aan inligting asseblief deurgee aan mev Karen Breedt, 012 322 8885 x257 of **karen@nhk.co.za**, sodat dit betyds op die stelsel aangebring kan word. Voorstelle vir en kommentaar oor die *Almanak* kan gestuur word aan die redakteur, ds Kálmán Papp, by **papp@biblesociety.co.za**.



- Die volgende *veranderings* kan nou aangebring word in die 2010-uitgawe:

  - **Bl 32:** Di Hein en Mariaan Delport se posadres is Posbus 7027, Krugersdorp-Noord 1741.
  - **Ble 41-44:** Ring van Dorsland: Soms (byvoorbeeld by Oranjemund) word die internasionale kode aangedui as 09 – dis nie meer korrek nie; van Suid-Afrika af is dit 00. Die korrekte wyse sou egter wees om al die 00 te vervang met 'n +, want die internasionale skakelkode verskil van land tot land.
  - **Bl 44:** Ds Milankie van der Walt by Gemeente Namib-Suid: Haar adres is Akwamarynstraat 12 in Erospark; faks +264 88613009.
  - **Bl 45:** Verander die e-posadres van die sekretariële beampte, skriba, skriba vir registrasie en NHSV-voorsitter van Gemeente Queenstown na **nhkqtown@gmail.com**.
  - **Bl 92:** Die pos van sekretariële beampte van Gemeente Kimberley is tans vakant. Mev CMJ van Vuuren is die tweede kassier, saam met mev Corrie Smit.
  - **Bl 111:** Vervang Gemeente Kampersrus se landlynnommer (015 795 5621) met 084 508 7849.
  - **Bl 124:** Ds BJ van der Walt (by Bybelgenootskap van Namibië): Faks: +264 88613009; e-pos **barnie@bemba5.com**. Sy werkadres kan ook in Afrikaans geskryf word, as Onafhanklikheidslaan 428.
  - **Bl 157:** 1995 Botha GS (Stephan), BA, BD, georden 5 Maart 1995, Parys/Vredefort (deelsorg) 1995, Klerksdorp-Oos (deelsorg) 1997, Klerksdorp-Oos Môrester 2009.

Kampe en toere

- **Gemeente Hartebeeshoek** bied 'n **Vrouekamp** aan van **5 tot 7 Februarie** by Mopani Lodge net buite Pretoria. Die aanbieder is ds Janine Bevolo-Manders, en die tema *Bon Voyage – 2010 in*. Kontak Janine by **bevolo@arestan.co.za** vir meer besonderhede.

- **Kom toer saam met *Konteks.*** Daar is net enkele plekke oor. Van **15 tot 19 Maart 2010** toer ons onder leiding van **dr Hennie van Deventer** na die Natalse Middellande**.** Die koste beloop R3 750 per persoon wat deel (R800 ekstra vir enkelakkommodasie). Skakel Marius of Leana Wiese van Afton Toere by 033 330 5256 of 082 374 2995. Volledige inligting verskyn in *Konteks* van Augustus 2009.

- Daar is ook nog net ’n paar plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5129, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.

- Nog ’n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Mafeking** se jaarlikse **gholfdag** vind plaas op **Saterdag 27 Februarie** by die Leopard Park Gholfklub in Mafikeng. Belangstellende borge kan die organiseerders kontak en op die gholfdag hul advertensie aanbring by Leopard Park Gholfbaan. Hulle sal vooraf publisiteit geniet in die gemeente se advertensies. Kontak die hooforganiseerder, Pokkels Ackerman, by 082 555 0683 of **sheriffmolopo@hotmail.com**.

- **Van Rensburg Monumenttehuis** vir bejaardes in Pretoria-Wes bied hul 13de **Klap ’n Tekkie pretloop** aan by die Fonteine in Pretoria op **Saterdag 27 Februarie.** Maak dit ’n gesinsuitstappie en bring die hele gesin, babas in stootkarretjies, vriende, kollegas, ouens in rolstoele en die hondekinders aan halsbande saam. Kom stap die 1, 5 of 10 km in die mooi skaduryke en veilige omgewing. Vir meer inligting, besoek die webblad **www.klapntekkie.co.za**, of kontak Elma du Plessis by 012 377 0786, 082 954 7955 of **ruelma@vodamail.co.za**, Marietjie Aldum by 082 495 3350, 012 807 6652 of **marietjie@aldum.co.za**, of Magda Bolton by 082 391 6587 of 012 807 4835.

Basaars en markte

- **Gemeente Grootvlei** in Pretoria hou op **Vrydag 26 Februarie** ’n Mieliefees op hul kerkterrein. Die gemeente se beesprojek is in volle gang en hul eerste vleisverkoping op 26 Februarie beloof om kwaliteit vleis teen die beste pryse beskikbaar te stel. Maalvleis en boerewors word verkoop teen R30 per kg. Indien ’n persoon genoeg bestellings plaas (meer as 100 kg), sal die vleis by hom/haar afgelewer word (net in die Pretoria-omgewing). Bestellings kan geplaas word by die gemeentelike kerkkantoor, by 082 838 6303. Alle bestellings moet hulle **voor of op Maandag 22 Februarie bereik**.

ANDER NUUS

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303. Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April** van elke jaar.

- Predikante moet asseblief die volgende inligting by hul gemeentelike afkondigings insluit. Daar bestaan tans ’n **vakature vir pleegouers** in die Diakonale Pleegsorghuis **Elsburg**. Die datum van diensaanvaarding is onderhandelbaar, maar moet verkieslik nie later wees as **1 April 2010** nie. **Aansoeke sluit op 20 Februarie 2010.** Die vereistes is onder andere dat dit ’n getroude egpaar van verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud moet wees, dat hulle lidmate van die Hervormde Kerk moet wees, en oor goeie gesondheid moet beskik. Hulle moet ook ’n aanvoeling vir kinders hê. Suksesvolle ouers sal benewens ’n maandelikse

kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning en versorging binne die DPS-huis ontvang. Belangstellende ouers kan die volgende persone kontak vir meer inligting: Dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880, of dr Jan Oberholzer by 012 322 8885 (w) of 082 851 1081.

- Die internasionaal bekende **Kerkregkenner van Nederland, prof Leo Koffeman,** bring 'n besoek aan Suid-Afrika. Hy hou gaslesings by Stellenbosch en UP. Hy het ook ingestem om die NHKA op **Vrydag 12 Februarie** om 09:30 te ontmoet vir 'n gesprek en lesing. Die tema is **Ekklesiologie en Kerkorde**, en dit vind plaas in die **Seminaarlokaal, Barton Keep** (by die Sinodale Kerkkantoor)**.** Die Raad vir Regsadvies en ook die lede van die Kerkhistoriese Genootskap word uitgenooi om deel te neem aan die geleentheid. Die onderskeie voorsitters kan dus gerus hierdie boodskap aan die lede stuur. Alle belangstellendes moet by dr Wim Dreyer by **wadreyer@nhk.co.za** bevestig as hulle die geleentheid gaan bywoon.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

    - Dinsdag 9 Februarie: NHSV Beurskomitee en Raad vir Ekumene

****

Bybels vir Haïti

Ds Gerrit Kritzinger

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het R50 000 bewillig vir **Bybels vir Haïti.** Baie predikante is in die aardbewing van 12 Januarie dood en kerke is verwoes. Tog stroom mense na hierdie plekke van aanbidding, want behalwe kos, water en ander lewensmiddele, benodig hulle die troos en hoop wat slegs die Woord van die Here bied. Volgens Magda Victor, hoofsekretaris van die Bybelgenootskap van Haïti, is die behoefte aan Bybels en Bybelgedeeltes baie groter as wat aanvanklik vermoed is. Daar is 'n onmiddellike behoefte aan ten minste 20 000 Kreoolse Bybels en 4 000 Franse Bybels. Die Bybels sal in die komende maande gratis voorsien word aan mense wat in baie gevalle alles verloor het, ook hul Bybels.

Die koste om hierdie Bybels te laat druk en na Haïti te verskeep, beloop sowat R359 250. Twee spesiale Bybelgedeeltes, *God is our Shelter and Strength* en *Hope and Compassion,* is onmiddellik in Frans en Kreools voorberei en laat druk. Daar word beplan om sowat 300 000 eksemplare te versprei, waarvan die eerste besending reeds op Haïti aangekom het. 'n Bedrag van R900 000 word daarvoor benodig. 'n Nuwe Bybelhuis wat in 2009 in Port-au-Prince geopen is, het staande gebly, maar die dak van die gebou is beskadig. Al die personeel het oorleef, maar almal het skade gely en vriende of familie in die verwoestende aardbewing verloor.

Wêreldwyd werk Bybelgenootskappe saam om deur die voorsiening van Bybels en Bybelgedeeltes die Bybelgenootskap van Haïti te ondersteun. Ds Gerrit Kritzinger, uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, het alle Suid-Afrikaners versoek om Bybelgenootskappe hiermee te help. *Baie Haïtiane het alles verloor en verkeer tans in groot nood, ook op geestelike vlak. U bydrae vir hierdie doel sal die Bybelgenootskap van Suid-Afrika help om die Bybelnood op hierdie eiland aan te spreek.*

Indien u 'n bydrae wil maak vir Bybels vir Haïti, kontak u naaste Bybelhuis of besoek **www.bybelgenootskap.co.za** en klik op Help die Bybelgenootskap met Bybels vir Haïti.

****

ADVERTENSIES

- **Skuldberading.** Sukkel jy om jou lewenskoste te dek en jou skuld af te betaal? Skuldberading kan die antwoord wees. Ek is 'n geregistreerde skuldberader met 'n honneursgraad in Sielkunde (Gauteng). Vir meer inligting, kontak Amelia by **082 379 2337** of per e-pos by **amelia@debtknowledge.co.za**.

- Bed en beskuit@bloem. Gerieflike **oornagfasiliteit in Bloemfontein**. Naby alles! Tarief: R250 per volwassene en R150 vir kinders onder 12. Skakel 084 436 4958 om te bespreek.

Advertensievoorwaardes

Advertensies waarin 'n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, op die volgende voorwaardes:

- Dit bestaan uit teks alleen (geen grafika nie), en daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie.
- Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 630 5153. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Asseblief, moenie vra dat ons uitsonderings maak nie!
- Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag.
- Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.
- **Die koste is R114 per plasing**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: SENTIK Ads

AGTERBLAD

Opening van die HTK

Die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se jaarlikse opening het op Dinsdag 2 Februarie in die kerkgebou van Gemeente Philadelphia plaasgevind. Daar was 'n groot groep dosente, predikante en teologiestudente teenwoordig, waaronder ses nuwe eerstejaars. Dr Wouter van Wyk van SENTIK het die geleentheid bygewoon en doen hier verslag daaroor.

Nadat prof Theuns Dreyer die aanwesiges verwelkom het, het prof Piet van der Merwe die openingsrede gelewer oor die tema *Teologiese opleiding in die spanningsveld tussen Kerk en Universiteit.* Prof Van der Merwe het daarop gewys dat teologiebeoefening

hierdie kreatiewe spanning nodig het, en dat dit krities, ontmaskerend, dialogies en dialekties moet wees – anders eindig dit in fundamentalisme of ideologie.

Prof Johan Buitendag, visedekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, het erkenning gegee aan die bydrae wat prof Van der Merwe vanaf 1979 tot met sy emeritaat aan die einde van 2009 by die Fakulteit gelewer het. Benewens onderrig en navorsing, het hy 'n groot bydrae tot die administrasie en kurrikulering van kursusse in die Fakulteit gemaak. Hy was ook die voorloper van die *e-Hervormer* toe hy reeds in die negentigerjare met elektroniese nuusbrokkies in die Kerk begin het. Prof Buitendag het hom ook seën toegebid waar hy in April 2010 in die huwelik sal tree.

'n Spesiale bundel van die *HTS Teologiese Studies* (2009) is uit erkentlikheid deur die redakteur, prof Andries van Aarde, aan prof Van der Merwe oorhandig. Prof Van Aarde het ook 'n kopie van die *HTS* aan die voorsitter van die tydskrif se redaksie, prof Buitendag, oorhandig. Daarop het prof Buitendag die pryse vir die beste MDiv1-student in Ou-Testamentiese Wetenskap (Nico Prinsloo-prys) en Praktiese Teologie (Van Schoor-prys) oorhandig – albei aan die huidige praeses van die Van der Hoff Teologiese Vereniging, Lisa-Mari Swanepoel.

Die Kuratorium vir Teologiese Opleiding het in 2009 sy 100-jarige bestaan gevier, en prof Bart Oberholzer versoek om die geskiedenis van die Kuratorium op skrif te stel. Prof Oberholzer het nou sy navorsing voltooi, en kortliks aan die teenwoordiges iets meer daaroor vertel. Daar word voorsien dat sy manuskrip deur die loop van die jaar gedruk en aan die wyer kerklike publiek beskikbaar gestel sal word.

Prof Piet van der Merwe

Prof Theuns Dreyer

Prof Bart Oberholzer

Lisa-Mari Swanepoel

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx